HOOFSTUK 8

Jesus kies 'n alternatiewe pad

Hier kom ons nou by die hart van wat die aardse lewe van Jesus ons wil leer. Die Evangelie van Markus verdeel in twee helftes, en die tweede (8:27 – 16:8) handel oor die alternatiewe pad wat Jesus kies.

Die Gees moet ons oë open om die betekenis van dié pad te verstaan. Daarom raam Markus hierdie tweede deel van sy Evangelie met twee vertellings van blindes wat Jesus genees het (8:22-26; 10:46-52).

Markus benadruk dit verder deur in hierdie deel drie keer te wys hoe die dissipels Jesus se pad misverstaan. Toe Jesus sê die Messias sal moet ly, wys Petrus Hom tereg (8:32). Toe Jesus 'n tweede keer sê Hy sal moet ly, het die dissipels met mekaar begin redekawel *oor wie die belangrikste* van hulle is (9:34). Toe Jesus sy lyding vir die derde keer aankondig, wys Johannes en Jakobus dat hulle Petrus as leier wil verbysteek en graag die twee topaanstellings in Jesus se nuwe regering wil hê (10:37).

Die drie ander opsies

1. Jesus kon besluit het om geen moeilikheid te soek nie deur nie kant te kies nie. Hy kon Hom aan die politieke spanning onttrek het deur vroom en geestelik te lewe. Dan sou Hy nie na Jerusalem gegaan het nie, of hoogstens gegaan het om stil en onopsigtelik in die tempel te aanbid.
2. Jesus kon die houding ingeneem het dat orde en rustigheid in die land die belangrikste is en dit beteken 'n mens moet jou onderwerp aan die owerheid. Dan sou Hy openlik gewys het dat Hy met die Joodse Raad saamwerk deur byvoorbeeld 'n offerdier by die tempel te koop en dit te offer.
3. Jesus kon Hom laat meesleur het deur die sterk volksgevoelens in Galilea en saam met sy mense planne beraam het vir terrorisme of 'n guerrilla-oorlog teen die Romeine.

Die pad wat Jesus kies

Voor Jesus die pad Jerusalem toe gevat het, sou Hy goed besef het dat Hy sy lewe in sy hand neem as Hy daarheen gaan. Lukas rapporteer: *Hy was vasberade om die reis na Jerusalem te onderneem* (Luk 9:51). Die feit is dat Jesus voor sy inhegtenisname in Getsemane sou kon vlug, deur die Kidrondal en dan net 'n uur te voet tot in die bergagtige Judese woestyn waar 'n mens maklik in die ravyne kon verdwyn. Maar Hy het gekies om vol te hou op die pad waarop Hy was.

Hoekom kies Jesus hierdie pad en wat beteken sy keuse?

Ons moet die diepte en strekking van sy keuse verstaan. Sy siening oor sy eie lewe is: Hy *het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien* ... (Mark 10:45). Hy dien die mense, veral die mense wat die swaarste kry. Hy staan by die armes en verdruktes. Daarom wys Hy

duidelik dat Hy teen die onderdrukkende owerheid staan. Maar Hy besef die weg van geweld teen die magtige Romeinse regering sou net meer lyding bring. Net drie dekades na sy dood in 66 nC begin die Jode met 'n oorlog teen Rome, maar dit loop daarop uit dat hulle stad en tempel met grootskeepse bloedvergieting verwoes word. Jesus sien die geweldige gevare en nadele wat die weg van geweld altyd inhou.

Hoe lyk sy pad dan? Van die begin af praat Hy daaroor. Die Galileërs het hulle Romeinse vyande gehaat, maar Jesus waag dit om vir hulle te sê: *Julle moet julle vyande liefhê* (Matt 5:44). *Moenie 'n slegte mens teengaan nie* (5:39). *As iemand jou op jou regterwang klap, moet jy ook die ander een vir hom draai* (5:39).

Jesus verwerp rewolusionêre geweld. "He does not try to beat the Romans at their own game." Hy bepleit 'n alternatief wat op 'n ander vlak lê as die spiraal van geweld wat tussen die Romeine en die Joodse nasionaliste gewoed het. Sy geweldloosheid ontlont die vyandige geweld, trek die angel. Hy kies die helende weg wat genesing bring. Hy vertrou sy Vader.

Daarom kan Hy Hom teen onreg verset sonder om geweld te gebruik, soos Mahatma Gandhi, Martin Luther King en ook die Europeërs wat die Berlynse muur laat val het.

Om hierdie pad vir eens en vir altyd vir ons te wys, moes Hy dit tot op die einde loop, tot by die dood loop. Hy vereenselwig Hom met die woorde van Jesaja oor die lydende kneg van die Here, die *man van lyding wat pyn geken het, een wat deurboor en mishandel is,* want *die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom* (Jes 53:3-5). Deur sy lyding genees Jesus ons van al ons verkeerde paaie, ons vrees om standpunt in te neem, ons selfsug en ons vyandigheid. Só sterf Hy vir ons.

Hy bevry ons. Daarom beëindig Hy sy aardse lewe saam met sy vriende met 'n pasga-maaltyd, die viering van die bevryding. In dié maaltyd gee Hy Hom aan hulle sodat hulle soos Hy kan word.

Hy stig 'n nuwe volk wat te midde van al die konflik in hierdie wêreld God se pad loop, die pad van vrede maak, diens en lyding waar nodig.

Hou vas

- Jesus wys drie opsies van die hand:
  1. ek onttrek my aan wat in my samelewing aan die gang is, al is daar hoeveel onreg
  2. ek val maar altyd by die gevestigde orde in, al is dit hoe onregverdig
  3. ek wil die owerheid met geweld teengaan.
- Die alternatief wat Jesus kies, wys een van die groot geheime van sy boodskap. Dit is baie belangrik om die diepste redes te verstaan waarom Hy die pad van lyding kies.
- Die pad wat Jesus loop, wys hoe die pad lyk waarop ons loop as ons mense-vir-ander wil wees, wys dié pad tot by sy einde.

Ons leef ons in

Jy is 'n brandarm Galileër. Jare gelede het jy nog 'n stukkie grond gehad waarheen jy uit jou gehuggie kon loop om met jou eie hande 'n klompie kos te produseer. Maar dit was nie genoeg nie. Om jou gesin te voed en die verpligte belastings te betaal, het jy begin leen by een van die groot boere in die

distrik, 'n vriend van mense in hoë posisies in die regering. Toe jy een jaar jou paaiement nie kon betaal nie, het jou skuldeiser met die hulp van die regering jou grond gevat. Nou kry jy net los werkies hier en daar. Jou vrou en vier kinders ly honger. Jy haat die regering.

Jy kom uit 'n godsdienstige huis waar die hoop gelewe het dat Jahwe sy mense van oorheersing gaan verlos. Jy voel tuis by die manne wat praat oor hoe die Romeine verdryf behoort te word.

Maar julle besef hoe magtig Rome is en hoe swak julle daar in die agterland is. Julle onthou goed hoe Sefforis drie dekades gelede platgetrap is.

Die laaste jaar het daar egter iets gebeur wat julle hoop aanvuur. 'n Profeet wat baie mense genees en groot skares met sy woorde getrek het, het in Galilea rondbeweeg. Daar is mense wat begin vermoed dat hy die lang verwagte een is wat die bevrydingstryd gaan lei. Hy wil nie saampraat daaroor nie, maar dit demp nie hulle hoop nie. Jy wens hy wil begin leiding neem.

Dan kom die geleentheid waarvoor julle gewag het. Die paasfees kom nader en julle hoor dat hy beplan om Jerusalem toe te gaan. Mense het hom gewaarsku, maar hy sê hy gaan. Nou begin dit beter lyk, dink jy. Jou plan is agtermekaar om saam met baie ander pelgrims soontoe te gaan.

Daar aangekom, slaap jy maar saam met baie ander soos boemelaars langs die straat. Die gerug doen die rondte dat die profeet in die buurdorpie is. Toe dit Sondag word, roer opwinding onder die massa pelgrims. Mense sê die profeet

kom in stad toe. Julle drom saam en loop hom tegemoet. Sodra julle hom sien, begin julle bevrydingsliedere sing. As julle moet veg, is jy bereid. Jy het 'n dolk onder jou bokleed. Anders sal God dalk wonderbaarlik ingryp. Ten minste moet die Romeine 'n skrikboodskap kry dat hulle nie meer hier welkom is nie. Daar gaan nie gou weer so 'n geleentheid kom nie. Jou bloed bruis.

Maar as die profeet nader kom, sak jou moed. Hy dra geen wapen nie. Hy ry nie uitdagend op 'n perd nie, maar sit op 'n donkie. Sy hele houding is heeltemal anders as dié van 'n opstandsleier. Dis duidelik dat hy nie wil veg nie. Jy onthou die profetewoord wat sê die koning wat op 'n donkie ry, is sagmoedig.

Jy is diep, diep teleurgesteld en kan nie verstaan nie.
Jy wonder wat hy bedoel.

Vir groepe om oor te gesels of vir persoonlike nadenke

- Leef jou behoorlik in die situasie en gevoelens van hierdie man in. Help dit jou enigsins om te verstaan?
- Hoekom probeer Jesus nie vlug toe Hy sien hulle wil Hom doodmaak nie?
- Is daar enige spore in jou lewe van die drie opsies wat Jesus afwys?
  - Onttrek jy aan wat in jou samelewing aan die gang is?
  - Val jy op talle gebiede by jou samelewing in ter wille van eie voordeel?
  - Probeer jy jou samelewing met eie krag verbeter?